

VERSLAG VAN DIE VISEREKTOR (GEMEENSKAPSINTERAKSIE EN PERSONEEL)

DIE VERANTWOORDELIKHEIDSENTRUM GEMEENSKAPSINTERAKSIE EN PERSONEEL (GI & P), 'N RELATIEF NUWE BESTUURSPORTEFEULJE, WAS IN DIE VORIGE VERSLAGJAAR IN 'N KONSOLIDASIE- EN UITBOUFASE.

Die oorgrote meerderheid aksies wat hiermee verband gehou het, het so goed geslaag dat die Universiteit hom as 'n nasionale leier ten opsigte van Gemeenskapsinteraksie gevestig het en personeelwelwees by sy menslikehulpbronbestuur geïntegreer het. In die verslagjaar kon dié verantwoordelikheid-sentrum gevolglik 'n beduidende bydrae lewer tot die realisering van Visie 2012 en tot die voorbereiding vir die fase eindigende in 2015.

Die gevestigde strewe na uitnemendheid en effektiewe dienslewering is voortgesit en die implementering van die twee projekte vir die Oorhoofse Strategiese Plan (OSP), voortgesette diversifisering van die personeelkorps en die bevordering van aktiewe rolspeeling het buitengewone aandag gekry, spesifiek met die doel om die volhoubaarheid van die Universiteit te bevorder.

PROJEKTE VIR OORHOOFSE STRATEGIESE PLAN (OSP) GOED OP DREEF

Die beplanning vir die OSP-projek Jeugsportinisiatief is in besonderhede voltooi, wat sowel die bou van die fasiliteit (die Sokkersentrum) as die model (die Sokkerakademie) betref. Ter aanvulling van die fondse deur die Universiteit voorsien, is verskeie fondswerwings- en finansieringsinisiatiewe onderneem en die vooruitsigte is goed dat die Universiteit deur middel van hierdie projek op 'n volhoubare manier 'n bydrae sal lewer tot jeugontwikkeling, die identifisering van talent en die skep van geleenthede. 'n Stewige grondslag vir samewerking tussen die relevante akademiese en steundienssektore het reeds beslag gekry.

Die tweede OSP-projek, te wete Personeelwelwees, het reeds verby die beplanningsfase gevorder en verskeie inisiatiewe en implementeringsaksies is in 2009 onderneem. Dit sluit die vestiging van 'n Kampusgesondheidsdiens en die konsolidasie van en verskaffing van posbekleders vir 'n Personeelwelweeseenheid in die Afdeling Menslike Hulpbronne in. Die ingebruikneming van die uitgebreide en opgegradeerde mediese fasiliteite, die implementering van die stelsel om studente en personeel te bedien, asook inisiatiewe soos Welweesdae, het groot byval by die kampusgemeenskap gevind. Daar is reeds voldoende begroot vir die voortsetting van die projek nadat die Europese Unie-befondsing geëindig het. Saam met die werk wat die Afdeling Menslike Hulpbronne doen om vergoeding, erkenning van uitnemende prestasie en aansporingsmaatreëls voortdurend te verbeter, behoort die Welweesprojek 'n groot bydrae te lewer om die volhoubaarheid van die Universiteit te verseker deur 'n gesonde en gewaardeerde personeelkorps in stand te hou. Die behoud van uitnemende personeel is net so belangrik as die werwing van uitnemende personeel.

Alhoewel nie deel van die OSP-projek nie, maar aanvullend daartoe, het die MIV-strategie van die Universiteit van 'n eendimensionele mediese diens tot 'n volwaardige institusionele strategie gegroei. Hierdie strategie het gelei tot die vestiging van 'n volhoubare, goed toegeruste eenheid wat 'n groot impak op die kampus het en die Universiteit gehelp het om hom te herposisioneer as 'n instelling wat 'n beduidende bydrae lewer tot die hantering van die MIV-vraagstuk in Suid-Afrika.

DIVERSIFISERING VAN DIE PERSONEELKORPS

Die bevordering van personeeldiversifisering bly 'n groot uitdaging. Bykomend tot inisiatiewe en strategieë wat in die

verlede gevolg is, het die Legacy-projek, wat fokus op die aanstelling en bevordering van senior swart en bruin personeel, begin om 'n duidelike impak te hê. Voorts is 'n institusionele plan opgestel wat daarop ingestem is om 'n hoë sigbaarheid en hoë impak te hê ten opsigte van die bevordering van geleenthede vir vroue. Hierdie projek, wat 'n uitvloeisel van die Universiteit se ondertekening van die *Declaration on Women in Higher Education* is, behoort teen 2015 'n aansienlike bydrae te lewer tot die opratting van personeeldiversifisering. Naas die bevordering van rasse- en geslagsgelykheid, het die bevordering van die regte van persone met gestremdhede ook hoë prioriteit geniet, met die Direkteur: Diensbillikheid en Diversiteitsbevordering wat nou saamgewerk het met Personeelwelwees en die Kantoor vir Studente met Spesiale Leerbehoefes (*Gestremdhede*). Ten einde by te dra tot 'n ontvanklike kampusomgewing was die Direkteur: Diensbillikheid en Diversiteitsbevordering ook betrokke by 'n reeks waagmoedige gesprekke.

In 2009 is daar vir die eerste keer omvattende personeelplanne deur elke fakulteit en steundiensomgewing opgestel ten einde op die hoogste bestuursvlakke volhoubaarheid en gepaste beplanning in die hand te werk. Hierdie planne is deur die Afdeling Menslike Hulpbronne vertolk en sal voortaan die grondslag vorm vir gesprekke en besluitneming aangaande 'n spektrum van personeelverwante aangeleenthede.

GEMEENSKAPSINTERAKSIE (GI) BOU RELEVANSIE UIT

Dit is van deurslaggewende belang dat die Universiteit sy relevansie en sy sosiale verantwoordelikheid voortdurend uitbou. In hierdie verband het die bevordering van aktiewe rolspeeling op die terrein van Gemeenskapsinteraksie (GI) deur die gelyknamige afdeling met rasse skrede vooruitgegaan.

Op institusionele vlak het die Gemeenskapsinteraksiekomitee van die Senaat op die bestemde datum vergader en bestek opgeneem van die gemeenskapsinteraksiefunksie binne institusionele verband. Fakulteitstrukture het die funksie binne fakulteitsverband bestuur. Die Universiteit se GI-beleid is in 2009 aan 'n deeglike en deelnemende hersieningsproses onderwerp en die finale dokumente is deurgegee aan die relevante bestuursliggame vir finale goedkeuring. Hierdie hersiening was deel van 'n gehalteverbeteringsplan wat opgestel is in reaksie op die aanbevelings insake GI van die Raad op Hoër Onderwys se Gehaltekomitee na aanleiding van sy audit.

Daar is voortgegaan met aansporingsmaatreëls vir GI in die vorm van finansiële ondersteuning aan goedgekeurde GI-vlagskipprojekte en die Rektorstoekenning vir Voortreflike Gemeenskapsinteraksie, wat bestaan uit 'n sertifikaat en 'n beduidende kontantbedrag, gelykstaande aan die toekenning vir voortreflike navorsing.

Voorts is die *Short Programme on Service-learning and Community Engagement (SPSLCE)*, 'n kredietdraende kortkursus om akademiese kapasiteit te bou t.o.v. diensleer en gemeenskapsinteraksie, gedurende 2009 vir die eerste keer deur die Afdeling Gemeenskapsinteraksie aangebied. Hierdie kursus sal uiteindelik artikuleer met 'n Nagraadse Diploma in Hoër Onderwys en die MPhil in Hoër Onderwys. Die jaarlikse Onderrig en Leer-konferensie van die Sentrum vir Onderrig en Leer (SOL) sluit ook nou 'n vaste fokus op diensleer in. 'n Belangrike gesprek onder die titel "Does SU educate public good professionals?" is aangebied deur die Afdeling Gemeenskapsinteraksie in samewerking met SOL. Al drie Viserektore asook senior akademiese het aan hierdie gesprek deelgeneem.

Die Afdeling Gemeenskapsinteraksie het vanjaar, in samewerking met die Afdeling Navorsingsontwikkeling, die Volhoubaarheidsinstituut, die Stellenbosse Munisipaliteit en gemeenskapsvennote, Wetenskap en Gemeenskap-inisiatiewe begin konseptualiseer en twee loodsprogramme is met sukses aangebied. Aansoek is by die Legacy-fonds gedoen om 'n gesamentlike aanstelling tussen die Afdeling Navorsingsontwikkeling en die Afdeling Gemeenskapsinteraksie, wat sal fokus op beleidsondersteuning aan staatsdepartemente, te finansier.

Die institusionele GI-databasis is volledig herontwerp en opgegradeer in 'n samewerkingspoging tussen die Afdeling Gemeenskapsinteraksie, Informatietegnologie en 'n eksterne konsultant. Daar is voortgegaan met die bemaking van GI by die Universiteit deur 'n dinamiese webblad, GI-handelsmerkartikels (*webblad, kerse, sambrele, brosjures en T-hemde*), en wye blootstelling in die interne en eksterne media.

Daar is voortgegaan met geleenthede om die nasionale dae te vier. In 2009 is vieringe vir Menseregtedag, Jeugdag, Vryheidsdag, Vrouedag en Erfenisdag gereël deur die Afdeling Gemeenskapsinteraksie in samewerking met ander universiteitsafdelings. Ondersteuning is ook gelewer aan studentestrukture om vrywilligerdiens verder uit te bou. In 2009 het die Afdeling Gemeenskapsinteraksie ook die fasiliteitsbestuur van die ou Lückhoff Skool in Banhoekweg oorgeneem.

Op plaaslike of dorpsvlak het die Rektor-Burgemeesterforum, wat uitvoering gee aan die memorandum van verstandhouding tussen die Universiteit en Stellenbosch Munisipaliteit, sporadies byeengekom. Die bestuur en koördinering van forumaktiwiteite in die Universiteit is gedeeltelik deur die Afdeling Gemeenskapsinteraksie behartig. Die Senior Direkteur: Gemeenskapsinteraksie het 'n aktiewe, leidende rol gespeel in die deurlopende funksionering van SWOKK (*Stellenbosch Welsyn- en Ontwikkelingkoördineringskomitee*), die Gespreksgroep vir Opkomende Sakelui, die Taakspan oor Sosiale Samehorigheid (*Social Cohesion*) en die Lückhoff-taakspan.

'n Tweede fase van die permanente foto-uitstalling in die Lückhoff Skool is suksesvol afgehandel. Die foto-uitstalling het die eerste prys ontvang in 'n nasionale kompetisie wat deur *Marketing, Advancement and Communication in Education (MACE)* gereël is. 'n Raamwerk vir interaksie met skole is vanjaar gevestig in samewerking met plaaslike skoolhoofde en die Kringspanleier van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement.

Op streeksvlak was die Universiteit aktief binne in die Kaapse Konsortium vir Hoër Onderwys (CHEC), bestaande uit al vier universiteite in die Wes-Kaap. CHEC het formele vennootskaps-ooreenkomste met die Stad Kaapstad en die Wes-Kaapse Provinsiale Regering. Universiteitspersoneel is betrokke by 'n verskeidenheid werkgroepe wat funksioneer binne die raamwerk van hierdie vennootskappe. Die bestuur en koördinering van CHEC-aktiwiteite by die Universiteit word sedert begin 2009 deur die Afdeling Gemeenskapsinteraksie behartig.

Op nasionale vlak het die Universiteit 'n leidende rol gespeel in die totstandkoming van die *South African Higher Education Community Engagement Forum (SAHECEF)*. Die forum het by sy loodsing spesiale erkenning gegee aan die leidende rol van die Viserektor (*Gemeenskapsinteraksie en Personeel*) in hierdie verband en die Senior Direkteur: Gemeenskapsinteraksie is na die formele konstituering verkies tot voorsitter van hierdie nasionale liggaam. Die Senior Direkteur: Gemeenskapsinteraksie is ook in 2009 genooi as een van slegs vyf universiteitsvertegenwoordigers landswyd om te dien in die Nasionale Navorsingstigting (NNS) se eerste paneel vir GI.

Op internasionale vlak het die Universiteit lid geword van die *Talioires Network*, 'n gerekende internasionale netwerk van sosiaal responsiewe universiteite. Die Senior Direkteur: Navorsing en die Senior Direkteur: Gemeenskapsinteraksie was deel van 'n CHEC-studietoer na Barcelona in Oktober 2009 om die funksionering van die kennisekonomie en tegnologie-oordrag daar te bestudeer met die doel om die nuwe insigte by die Universiteit terug te ploeg in samewerking met InnovUS. In November 2009 het sewe US-personeellede referate gelewer by die derde *International Symposium on Service-Learning (ISSL)* in Athene, Griekeland. Die delegasie het die Senior Direkteur: Gemeenskapsinteraksie en die Adjunktdirekteur: Diensleer ingesluit. Die ander Universiteits-personeellede se konferensie-onkoste is gedeeltelik deur die Afdeling Gemeenskapsinteraksie geborg.

Wat aktiewe rolspeling betref, het die Universiteit duidelik 'n gepaste model ontwikkel wat nie net op sigself volhoubaar is nie, maar ook bydra tot 'n demonstrasie van die belang van die Universiteit as 'n plaaslike, streeks-, nasionale en kontinentale inrigting.

Die verslagjaar was 'n uitdagende dog vervullende jaar waartydens gefokusde beplanning en doelgerigte implementering vanuit hierdie verantwoordelikhedsentrum 'n beduidende bydrae gelewer het tot die volhoubaarheid van die Universiteit onderweg na 2015.